Tema: Christus het ‘n volmaakte (7 x 7) offer vir jou gebring. Bring jy dan nou jou sewe dankoffers vir Hom!

Lofsang ter voorbereiding van die erediens
Lied 428: 1, 2, 4
Lied 215: 1, 2, 4, 5

God en ons ontmoet mekaar
Intreelied: Lied 168: 1, 2, 3
Votum
Seën
Loflied Sb 5 – 3: 1, 2
Geloofsbelydenis: HK Sondag 11 vr 29 en 30
Sing Sb 12 – 5: 1

Ons verootmoedig ons voor God
Wet: Efesiërs 5: 1 – 20
Sing Sb 5 – 5: 1, 2
Gebed

God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof
Skriflesing: Hebreërs 13: 7 – 25
Fokusverse: 8 – 18.
Sing Ps 107 – 1: 10 (kleuters gaan na hulle bediening)
Woordverkondiging

Ons antwoord op die Woordbediening
Sing as antwoord op die preek Ps 40 – 1: 4
Bevestiging van ouderling
Sing: Ps 134 – 1: 4
Gebed
Liefdegawes
Sing Sb 14 – 4: 1, 2, 3, 4
Seën
Amenlied: Sb 13-1.

Geliefde brs en srs

Ons kom vanoggend aan die einde van die Hebreerpreëk! Wat ŉ aangrypende preek oor God wat vandag met ons praat deur Jesus Christus.

Onthou julle nog hoe het die preek begin in Heb 1: 1 – 2? (Wys skyfie 1)
In die verlede het God baiekeer en op baie maniere met ons voorvaders gepraat deur die profete, [2]maar nou, in hierdie laaste dae, het Hy met ons gepraat deur die Seun"

ŉ Boodskap oor Jesus Christus gerig aan gelowiges in Rome wat erge vervolging beleef het en wat moeg geword het in die geloof! ŉ Wonderlike, aangrypende boodskap van aanmoediging, van vermaning en bemoediging om te volhard in die geloof! ŉ Boodskap om nie in toewyding te verslap nie, aangevuur om vas te hou aan die evangelie van Jesus Christus as die volmaakte Hoëpriester.

Die enigste ware evangelie van redding! Daar is geen ander nie! Jesus het die volmaakte offer aan die kruis gebring! Glo in Hom en jy sal vir ewig lewe! Glo in Hom en Hy sal jou dra deur al jou beproewing heen! Hou jou oog op Hom gevestig in die harde wedloop van die lewe en jy sal nie moeg word en uitsak nie! Hy is die begin en die voleinder van jou geloof en van jou lewe! Dit was die refreine deur die hele preek in Hebreërs.

En nou, brs en srs, hier in die slot van die preek in hf 13: 8 kom ŉ laaste uitspraak oor hierdie Hoëpriester wat jou volmaak gered het. Die skrywer verklaar:

"Jesus Christus is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid!"

Dit is ŉ ewigheiduitspraak oor Jesus! Hy is die enigste Verlosser – Hy is dit vir ewig! Hoekom sou jy aan Hom twyfel? Hy was dit in die verlede – Hy het dit gedoen vir almal wat toe in Hom geglo het! Hy is dit in die hede vir vandag, vir almal wat vandag in Hom glo – vir ons en almal wat saam met ons in Hom glo – hier ons tyd!
En Hy sal dit ook more wees, vir hulle wat nog tot geloof moet kom!
Hy is dit tot aan die einde van die tyd!

Meer nog: hierdie uitspraak is ook ŉ waarheidsverklaring! Christus is die enigste waarheid! Anders as valse godsdienste en leuens van Satan wat kom en gaan, bly Jesus vir altyd staan! Hoekom sou jy van Hom af wou weggaan? Hoekom sou jy iets anders wou oorweeg? Daar is geen ander nie!

Hierdie is ook ŉ volmaaktheidsuitspraak! Hy is die volmaakte Hoëpriester! Hy het die volmaakte offer wat God gevra het om jou te red, volbring! Jy hoef niks meer te doen om gered te word nie! Christus het alles namens jou gedoen – soos geen mens dit kon en vandag kan doen nie! Ek en jy kan nie, maar Hy kon en Hy het!

Geliefdes, kan julle ook aanvoel dat die skrywer sy lesers en vir ons in hierdie verse en met hierdie uitspraak wil bring by ŉ punt waar ons ŉ besluit moet neem! Dat ons

nou moet reageer op hierdie wonderlike boodskap oor Jesus Christus, die volmaakte Hoëpriester en alles wat Hy vir jou gedoen het!
Dat daar diep in ons ŉ dankbaarheid groei wat tot dade oorgaan! Dat ons met dankbaarheid kan reageer op die onbegryplike genade wat God aan ons bewys het deur Jesus Christus! Dat ons met dade reageer – nie om iets by te dra tot ons redding nie – maar om ons diepe dankbaarheid, ons blydskap en ons oorgawe te bewys!

Kyk saam met my na vers 13: "Laat ons dan nou uitgaan"! Uitgaan na Hom toe buite die laer en die smaad dra wat Hy gedra het! In vers 12 staan daar: Jesus het buite mure van die stad Jerusalem – op Golgota - vir ons gely en gesterf en ons so gereinig van al ons sonde!
Nou kom dan! Kom ons gaan metafories ook uit na Hom toe! Kom ons gaan ontmoet Hom daar waar Hy as ŉ vervloekte buite die stad – op grond van God se bevel in die Ou Testament – doodgemaak is en ons gaan dra uit dankbaarheid saam aan sy vernedering, sy verwerping en sy lyding!

Brs en srs, die woord wat hier gebruik vir "laat ons dan nou uitgaan' dui daarop om oor te gaan tot ŉ definitiewe aksie! Dit dui doelbewuste beweging weg van iets na iets anders toe, aan! Metafories weg van die geloofsplek waar jy nou staan, na ŉ ander plek!  Dit dui op beweging en aksie!

Vir die lesers: weg van twyfel in hulle Christelike geloof as gevolg van die vervolging! Weg van slap hande en lam knieë na volgehoue diens en toewyding! Weg van vrees vir alles wat die lewe sleg maak, na vertroue op God! Weg van twyfel na vaste vertroue! Weg van wanhoop na ŉ vaste hoop op God! Weg van ŉ soeke om self iets tot hulle redding te doen, na geloof in die enigste ware Hoëpriester: Jesus Christus

Br en sr, vir my en jou presies dieselfde! Dat ek en jy in die lig van wat Jesus ons Hoepriester vir ons gedoen het, van die offer wat Hy vir ons gebring het, dat ons nou offers van dank aan Hom bring! Dat ons in beweging kom met ons dank en toewyding aan God! Dat ons nou "uitgaan" en waarlik dankbaar begin lewe in ons verhouding met Jesus!

Dat ons uitgaan, weg gaan vanaf ŉ lewe wat net op onsself ons eie belange gerig is, na ŉ lewe in diens van God! Dat ons weggaan van die wereldse denke wat na Covid 19 met mening op ons toegeslaan het en ons verhouding met God en met mekaar negatief beinvloed het. Dat ons weggaan van die afgode wat die wêreld aanbid: afgode van geld en materialisme, afgode van plesier, die afgod van myself: my eie wil, maak soos ek wil en leef soos ek wil! Weg daarvan na ŉ lewe in gehoorsaamheid aan God! Om anders as die wêreld te leef! Te leef soos God wil hê ons moet leef! ŉ Lewe buite die " wereldstad", ŉ lewe by Jesus Christus!

Dis waarheen God ons wil neem! Dis waartoe Hy ons deur die skrywer aanmoedig! ŉ Lewe van dankbaarheid vir ons verlossing en ewige lewe!

Is jy bereid om aan die beweeg te kom? Is jy so oorweldig deur God se genade in Jesus Christus, jou Hoëpriester, dat jy nie anders kan as om in beweging te kom nie?

Die skrywer maak hierdie dankbare "in beweging kom" op 7 maniere baie prakties vir sy lesers in hulle omstandighede! Sy kernuitspraak oor Christus en die kernoproep in vers 13 is omraam met 7 offers wat die gelowiges vir Christus moet bring!

Kom ons identifiseer hierdie sewe offers wat ons moet bring, sonder om almal in diepte te behandel:

1. Kyk na vers 7 en 17 en 18: daar is die eerste offer van dank wat ons kan bring: die lesers word opgeroep om die draers van die waarheid – die predikante, te eer vir hulle roeping! Hulle verkondig Jesus Christus en juis daarom moet hulle lering geglo en aanvaar word! In vers 7 word gesê dat die lesers ag moet slaan op hoe hierdie predikers wat nou al reeds dood is, tot die einde toe volhard het. Daarin is hulle vir ons ŉ voorbeeld! Dink aan ons eie predikante wat reeds oorlede is, ds De Wet Kruger wat die eerste predikant van hierdie gemeente was en ook ds Herman Grobler. Tot die einde het hulle self in die geloof volhard! Kom ons volg hulle voorbeeld.

In vers 17 en 18 verskuif hy die fokus na die predikante wat nog leef! Bid vir hulle vir wees gehoorsaam aan hulle verkondiging! Dink aan prof Faan Denkema wat ons gemeentes se eerste sendeling was en nog lewe! Dink aan ds Wim Vergeer en ds Karel Steyn wat hier gedien het! Dink aan my wat nou die taak het om God se Woord te verkondig!

Wat ŉ heerlike en dankbare offer om te bring: Bid vir die verkondigers van die waarheid! So hou jy ook die waarheid in stand en stel jy die predikante in staat om hulle werk met vreugde te doen!

2. Die tweede dankoffer kry jy in vers 9: moenie jou laat wegvoer deur vreemde en valse teologie nie! Alle ander godsdienste is gebou op dit wat jy moet doen om gered te word! Dit is vals: gee jouself oor aan Christus en wat Hy vir jou gedoen het! Geliefdes, ons wêreld is vol van vreemde teologië en valse aansprake! Moenie daarvoor val nie! Bly by die waarheid – dit is die offer van dank wat jy bring!

3. Die derde dankbaarheidsoffer sluit aan by die tweede maar is gefokus op valse sieninge binne die kerk!Kyk vers 10! Om te breek met die wettiese en formalistiese godsdiens in die kerk wat ten diepste gegrond is ŉ selfredding.

4. Die vierde offer van dankbaarheid vind ons in vers 11 en 12: om vas te glo dat Jesus se offer jou skoonwas van al jou sonde! Jy is nou ŉ kind van God en leef soos ŉ kind van God!

5. Die vyfde offer wat ons uit dankbaarheid vir die Here Jesus moet bring vind ons vers 13 en 14: dat ons bereid is om soos Jesus anders as die wêreld te leef en daarom

die verwerping, gespot en vernedering te dra wat Christus moes dra deurdat Hy soos ŉ vervloekte buite die stad moes sterf! Daarom sê die skrywer in vers 14 dat ons nie vas aan hierdie wêreld moet word nie, maar moet weet ons is oppad na ŉ nuwe stad: die stad van God!

Brs en srs, kom ons bring die dankoffer om die naam "Christen" in ŉ heidense wêreld te dra! Die wêreld waarin ons leef is teen God, dis teen Christus, dis teen die Bybel en alles wat die Here ons in sy woord leef! En dis swaar en moeilik om teen die wêreld te kies en vir Christus te leef! Kom ons doen dit vir Hom. Kom ons gaan uit die wêreld vir Hom! Hulle lag vir ons siening van menswees! Hulle lag vir ons siening van geslag en geslagtelikheid en seksualiteit. Van manwees en vrouwees as God se skeppinginstelling! Hulle spot met die huwelik as God se instelling! Hulle lag vir mense wat nog aan die Bybel glo! Hulle verag die kerk van die Here! Hulle sien neer om mense wat afsien van hulle eie wil en God se wil soek!

Brs en srs, ons is vreemd vir die wêreld en ons sal nooit hier tuis wees nie! Kom ons bring hierdie dankoffer vir die Here!

6. Die sesde dankoffer vind ons in vers 15: Dat ons onophoudelik God deur Jesus Christus loof en prys! Ja, hierdie is die dankoffer van erediens toe kom en God aanbid en loof en prys! Hier in die openbaar waar almal sien ons kom bymekaar om God te loof! Om God te aanbid met vreugde en blydskap want Hy is ons Redder! Om tot God te bid en so ons afhanlikheid van die Here te erken! Om hier voor God se Koningskap te buig en Hom te dien!

Maar dis ook ŉ dankoffer wat daar buite in die wêreld gebring moet word! Dit is mense wat met hulle woorde en dade God se Naam bely! Dat ons juis daarbuite – daar waar ons die gevaar loop om verwerp en gespot te word – dat ons daar met woorde gaan getuig van God en van sy redding deur Jesus Christus! Kom ons gaan uit en gaan bring daardie offer. Elke Sondag as ons hier uitstap,stap ons die wêreld binne waar ons moet gaan getuig! Sodat die wêreld kan hoor!

7. Die sewende dankoffer waartoe ons vanmore opgeroep word, vind ons vers 16. Dit is ŉ spesiale offer wat God se hart baie bly maak! Dit is ŉ offer waarvan God baie hou: dit is dat ons aan alle mense goed doen en mededeelsaam lewe! Dat ons met die gawes wat ons van God ontvang: al ons geestelike gawes en al ons aardse gawes, dat ons dit met ander mense deel! Dit is ŉ heerlike offer waartoe die Here ons vanmore oproep! Deur met mense jou liefde te deel, jou omgee en jou uitreik, jou vergifnis, jou vriendelikheid en jou goedheid, jou geld en jou gawes en tyd waarmee jy ander help en dien, daardeur sien mense wie die God is wat ons dien!

Onthou julle nog die woorde van ons Here Jesus in Matteus 5: 16? [16]Laat julle lig so voor die mense skyn, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemel is, verheerlik."

Geliefdes, dis die 7 dankoffers wat ek en jy aan die Here moet bring!

Wat is ŉ "offer"? Hoekom word dit ŉ offer genoem? Want dit vra iets belangriks van my! Wanneer ek dit doen of dit gee, gaan ek iets verloor, gaan ek iets van myself prysgee! Ek moet my eie wil prysgee, ek moet iets wat ek besit prysgee, ek moet iets wat dalk vir my kosbaar is weggee! En dis moeilik! Dit is ook die rede waarom ek en jy daarmee sukkel! Dit is die houvas wat Satan op ons het: hoekom moet jy nou iets prysgee! Nee, hou wat jy het! Dis joune, jy het dit verdien! Dis wat Satan ons wil wysmaak!

Todat ek wegkyk van myself! Todat ek my geestesoë oplig en die kruis daar buite Jerusalem op die koppie sien staan waar Jesus gekruisig is om alles wat ek het, vir my te verwerf! Todat ek die prys sien wat God betaal het, ŉ volmaakte prys, sodat ek alles kan besit!

En dan verstaan ek: maar dit is eintlik nie myne nie! My lewe behoort aan Hom! Alles wat ek is en wat ek het, het Hy vir my verkry en vir my gegee! En wanneer ek dit besef: dan staan ek op en dan gaan ek uit – uit my gemaksone – uit die stad wat ek vir myself gebou het, uit na Christus – om my lewe as ŉ dankoffer aan Hom te gee.

Geliefde br en sr en liewe kinders

God se laaste boodskap uit Hebreers aan ons vanmore is:

Christus het 'n volmaakte (7 x 7) offer vir jou gebring. Bring jy dan nou jou sewe dankoffers vir Hom!

Amen

Kom ons sing ons bereidheid om in beweging te kom en te offer saam uit Ps 40: 4